Josua 3:1-4:7 **WAAGMOED IN OORGANGSTYE**

'n Mens het soms 'n droom of ideaal, 'n taak of 'n roeping om te vervul, maar voordat jy daar kan kom, moet jy eers die spreekwoordelike **"berg oorsteek"**. Daar is sekere probleme of uitdagings wat eers oorkom moet word – soos 'n eksamen bv., of 'n bestuurstoets, of 'n werksonderhoud. **En dit kos moed en durf.**
**Israel** het hulle in so 'n situasie bevind.

**1. 'N UITDAGENDE OORGANGSITUASIE**
Hulle moes **die oorgang** maak vanuit die *woestyn na die Beloofde Land*. Maar dis nie al nie. Hulle was ook midde-in 'n oorgang tussen *twee eras:* Die era van Moses se leierskap en Josua s'n. Moses was bekend en gerespekteerd. Josua se leierskap was nog onbewese. Dit was 'n oorgang tussen s*ekerheid en onsekerheid, bekend en onbekend, veilig en gevaarlik*. Hulle het mettertyd geleer hoe om in die woestyn te oorleef, maar die Beloofde Land is hulle nie op 'n skinkbord aangebied nie. Dit was vol vyande. **Laas toe** hulle op daardie punt gekom het, het hulle moed hulle begewe. Toe moes hulle terug die woestyn in waar hulle vir nog 40 jr rondgeswerf het. Al was die **Jordaanrivier** miskien nie so 'n groot en breë rivier nie, was dit nogtans 'n formidabele sielkundige grens om oor te steek.

Vandag op **Hervormingsondag** roep ons ook die tyd in herinnering toe Martin Luther e.a. voor so 'n grens te staan gekom het. Dit het baie waagmoed van hulle gevra. Dit was 'n **waterskeidende oomblik** in die kerk se geskiedenis. Toe **die gemeente** hierdie maand 43 jr gelede afgestig het, was dit ook so 'n oorgangsituasie vanaf sekerheid na onsekerheid, 'n tree wat in die GELOOF gegee moes word. Elke **verwisseling van leraars** is 'n nuwe oorgang wat met onsekerheid gepaard gaan. In ons **persoonlike lewens** beleef ons dit bv wanneer ons ons ouerhuis verlaat, trou, kinders kry, 'n nuwe werk of omgewing betree, nuwe verantwoordelikheid ontvang soos om as kerkraadslid bevestig te word.
**Wanneer God roep** - sal ons terugdeins of waagmoed aan die dag lê?

**2. GOD MET ONS**
Toe ons onlangs oor die sg ***"Godsvrae"*** as deel van die proses van Geloofsonderskeiding gesels het, het ons geleer dat 'n mens o.a. moet vra: *Wie is God in hierdie situasie*? En: *Waarmee is God nou besig?*
Wie was God **in Israel se situasie**? Hy was die Een wat hulle *uit Egipte bevry en in die woestyn onderhou het*. Die God van die **intog** in Kanaan was dieselfde as die God van die **uittog** uit Egipte. Dit was belangrik dat hulle dit moes onthou.
**Waarmee was God besig**? Hy het vir hulle 'n *nuwe leier* in Moses se plek gegee. Hoe staan iemand 'n leier soos Moses se plek vol? God was besig om aan Josua *geloofwaardigheid* onder die volk te gee (:7).
Hy was self ook in hul midde en besig om hulle na hul *bestemming te lei*. **Die Ark** wat die simbool was van Sy teenwoordigheid en leierskap. Hy was Immanuel, God by hulle en sou hulle die weg wys soos wat Hy dit deur die wolk en vuurkolom in die woestyn gedoen het.
Wat doen God nog? Hy gee aan hulle **beloftes** waarop hulle kon hoop (:5,10) en Hy gee aan hulle **opdragte** met die verwagting dat hulle Hom onvoorwaardelik sal gehoorsaam: Hulle moes hulle *reinig* en die ark *respekvol* op 'n sekere afstand volg; *die priesters* moes die ark tot by die rivier dra en hul voete in die water steek. **Eers**

**dan** sal daar vir hulle ‘n pad deur die rivier oopgaan. Hulle moes eers gelowig gehoorsaam wees en sal DAN sien hoedat God sy belofte nakom.
Vra ons **wie God vandag** is, dan is dit wonderlik om te weet dat Hy nog dieselfde God is wat *toe deure* vir ons oopmaak. Josua is die Hebreeuse naam vir **Jesus,** die Een wat vir ons die pad na God toe kom oopmaak het. Hy maak nie net die weg nie, Hy IS die Weg (Joh 14:6) sodat ons ons Jordaan kan oorsteek na die Beloofde Land toe.
Maar die opdrag om ons **te reinig** geld vir ons ook. Die Boodskap omskryf dit so: *“Bely julle skuld voor die Here en sorg dat julle verhouding met Hom reg is…”* (:5)
Soos die Israeliete hul oog op die Ark moes hou, moet ons *oë op God gerig bly* en moet ons sy leiding eerbiedig volg. Dit is vir ons ook ‘n **geloofspad**, ‘n pad van “glo is sien” en nie “sien is glo” nie.
**Martin Luther** was bereid om hierdie pad te loop. Hy het baie teenstand gekry, maar het gesê: *“Hier staan ek, ek kan nie anders nie.”* Hy en ander christemartelaars het nooit die **Beloofde Land** op aarde binnegegaan nie, maar ons glo hul dood het hul reis daarheen bespoedig en dat dit is waar hulle hul sedertdien bevind.
**Soos wat leiers sterf of weggaan**, voorsien God gelukkig vandag nog steeds ander in hul plek. So het daar deur die jare nie net verskillende l*eraars* in hierdie gemeente gedien nie, maar *ook kerkraadslede*. Ons is vandag weer baie geseënd om nuwe kerkraadslede en dienswerkers in die plek van voriges te kan bevestig.
Moses word ***die dienaar van die Here*** genoem (Jos 1:1-2). Só lyk **Bybelse leierskap**. Dit het 'n *dienskneggestalte*. Dit **fokus op** die Here en die beste belang van die volk.
**Josua erken** die Here se gesag. Hy volg die Here. Josua se geloofwaardigheid as leier het te doen met sy eie gehoorsaamheid aan die Here. Die Here gebruik steeds leiers om sy mense op plekke van gehoorsaamheid te bring waar hulle moeilik op hul eie sou uitkom.
**Ons bede** is dat u as gemeente u leiers ook **geloofwaardig** sal bevind en sal respekteer. Mag die geestelike leierskap van die gemeente in die nuwe termyn *gelowig voorloop en die goeie voorbeeld stel*.
Tog is **ons oë nie** op HULLE gerig nie, maar op die Ark, op God in ons midde. Hy lei ons deur sy Woord en Gees.
Die Hervormers het baie klem gelê op die **priesterskap** van ALLE gelowiges. In die Protestantse kerke onderskei ons nie tussen *geestelikes en leke* nie. **Alle kinders van die Here** het die Gees ontvang en het ‘n leiersrol om te vervul. Ons wêreld het mense nodig wat wag op God se Woord en waag met God se Woord. Hierdie soort leiers lei met hulle *voorbeeld en met hul dade*. Deur jou christelike oortuiging voortdurend met integriteit en nederigheid uit te leef, kan enige lidmaat 'n **rolmodel** en betekenisvolle leier op enige terrein van die lewe wees.

**3. DIE WONDERWERK**

Daar is die storie van **die drie paddas** wat op die klip gesit het. Al drie besluit toe om in die water te spring. Raai, raai, hoeveel het op die klip oorgebly? Al drie ... want hulle het toe nooit sover gekom om hul besluit uit te voer nie!
Gelukkig was dit nie met **die Israeliete** die geval nie. Hulle het presies gedoen wat God van hulle gevra het. Toe die **priesters hul voete** in die water van die Jordaan gesit het, het die water hoër op gaan staan en die volk kon droogvoets deur die rivier trek. Hulle het soos wat God gevra het, **12 klippe**, een vir elke stam, uit die rivier geneem om aan die oorkant ‘n gedenksteen op te rig sodat hulle en hul kinders die wonderwerk sou onthou wat daar gebeur het. Dit sou hulle in die toekoms *herinner*

aan watter wonderlike God hulle dien en hulle *inspireer* vir die uitdagende pad vorentoe.
Dit is byna soos die **nagmaal** wat ons weer aan *ons deurtog* herinner.
**Hervormingsondag** wil ons ook deur herinneringe aan die verlede inspireer vir die toekoms.

Gemeente, afgesien van **die oorgange** wat ons as kerk en gemeente gedurig moet maak, gebeur dit ook in ons persoonlike lewens. **God** is die Een wat voor ons uit en saam met ons op die pad gaan, wat ons deur woestyne en droogvoets deur seë en riviere lei. **Ons loof Hom** vandag op Hervormingsondag en Lofoffersondag en **bring die offers** wat vir Hom aanneemlik is: **Ons onvoorwaardelike liefde, vertroue en gehoorsaamheid!** (Rom 12)
Amen

29/10/2011